

N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 27

7 Julie 2024

## Hoe GEESTELIK FIKS is jy?

**Is God se wil vir jou belangrik? Antwoord eerlik vir jouself. Sal jy graag die wil van God vir jou lewe wil uit vind? Sal dit enigiets in jou lewe verander? Is jy gewillig om God se wil te doen sonder om dit eers te evalueer? As ons nie kan "ja" sê op die laaste vraag nie, kán ons nie "ja"sê op die eerste vraag nie.**

**Dit is die wil van God vir julle lewe**
**As God se wil vir jou belangrik is, sal 1 Thess 5:16-18 OV jou interesseer. Dit is 'n bonkige opsomming van Paulus se prediking waarmee die gelowiges bekend was. Hy herinner hulle net daaraan. "Wees altyddeur bly. Bid sonder ophou. Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle. In die Grieks is dié drie dinge een sin lank. In Afrikaans kan dit klink asof om dankbaar te wees, die wil van God is, maar dit is ál drie dinge wat Paulus hier noem.**

**'n Geestelike fiks dissipel**
**Paulus sê dieselfde in Rom 12:9-21, ook weer in kolpunte: "Verbly julle in die hoop; wees geduldig in die verdrukking; volhard in die gebed" (v12). Daardie drie dinge vorm deel van Paulus se verduideliking oor hoe 'n dissipel van Jesus se lewe lyk. Hy herhaal dit in Fil 4:4-7: "Verbly julle altyd in die Here… Laat julle vriendelikheid aan alle mense bekend word. Die Here is naby. Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God. En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en sinne bewaar in Christus Jesus."**

**Drie eienskappe**
**Bondig gestel: Drie dinge is duidelik die wil van God vir gelowiges: 1) Verbly julle altyd, 2) moenie ophou bid nie en 3) wees in alles dankbaar. Paulus se lesers het verstaan wat dit beteken om in alles dankbaar te wees, om nie op te hou bid nie. Meer nog, hulle het geweet hóékom, want Paulus het dit vir hulle geleer. Vir ons klink dit onmoontlik! Hoe kan jy altyd bly wees? (vervolg)**

**Dankie!**

- **Vir die Woord wat ons rig en lei!**
- **Vir die Waarheid wat ons vry maak!**
- **Vir die Heilige Gees ons Helper!**

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat ons regering en almal in gesagsposisies in belyning met God se hart en doel vir Suid Afrika en sy mense en vir die nasies sal kom. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart. SA draai terug na God toe!
- Vir ons skoliere en studente. Vir die kinders wat weer terugkeer skole toe.

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie
- Annie Brink
- Jaco Steenkamp
- Tannie Marinda Jordaan
- Johnny Viviers
- Annika Killian
- Leonie Kruger
- Annatjie Pienaar
- Jillian Jansen
- Frelma Prinsloo
- Ivan Garacki
- Ansie Harrison

Marthie Jooste
Tannie Rina van der Vyver
Rudi Kruger
Tannie Bets Coetzee
Allison Vorster
Jaap Naudé
Willie Viljoen
Jurie Matthee
Adolf Wolmarans
Alet Heads
Adri Botha

**Ons diepste mededye met Elise Vosloo, familie en vriende met die afsterwe van Tobie!**

## Gedagte vir die week

**God is nie beïndruk met wat jy weet nie, maar met wat jy dóén.**

## Stuur Gebedsversoeke aan:

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org